

28 Oktober 2021

ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NOMMER 47 VAN 2021

Geagte Ouer/Voog

Ons laaste kwartaal van 2021 snel nou vining einde se kant toe. Die laaste twee weke was vol aktiwiteite en baie dinge het by die skool gebeur.

1 Matriek-eksamen

Ons graad 12-leerders het gister hulle eerste teorievraestel van die finale eksamen geskryf. Almal was netjies in hul rooi t-hemde wat spesiaal vir die eksamen voorsien is, geklee en die administrasie het glad en goed verloop.

Die oomblik het uiteindelik aangebreek waartydens ons Matrieks rekenskap gee van 12 jaar se skoolwerk en ons bede en wense is dat elkeen 'n groot sukses van die eksamen sal maak.

Matriekuitslae maak deure vir verdere studie oop en ons gun elkeen die geleentheid om met hierdie eksamen vir verdere studie, in die rigting van sy/haar drome en ideale, te kwalifiseer.

2 Matriekafskeid

Dit was soos gewoon 'n glansryke geleentheid wat vanjaar weer by die skool aangebied is. Langs hierdie weg wil ons graag ons span graad 12-ma's bedank vir hulle baie harde werk om dit 'n spesiale aand vir ons leerders te maak. Die kinders was eensgesind dankbaar en beïndruk met al die reëlings. Hulle het ook die aand baie geniet en vertel dat dit vir hulle spesiaal was. Dit is bepaald 'n voorreg om ons matriekafskeid te mag bywoon en ons matrieks gade te slaan op die vooraand van 'n volwasse lewe. Elke ouer kan met reg trots wees op julle kinders. Hulle is baie spesiaal.

3 Algemene Jaarvergadering van die Ouers van Hoërskool Randburg

Op 25 Oktober het ons hierdie vergadering aanlyn, via *Zoom*, aangebied. Terwyl ons Onder-Voorsitter geopen het, het Eskom ons krag afgeskakel. Binne twee minute was ons weer vol op die lug met ons kragopwekker wat outomaties ingeskop het. Ons kan nie genoeg dankie sê vir ons kragopwekker nie. In tye van praktiese eksamens in die rekenaarsentrums is dit ook 'n groot bron van gemoedsrus om te weet dat ons sonder onderbreking kan voortgaan en nie soos in die verlede moet herskeduleer nie.

Baie ouers, meer as die vereiste minimum, het ons webinar bygewoon. Die begroting van 2022 is voorgehou en die skoolgelde vir 2022 is vasgestel op R32 880 per kind per

jaar, wat ons beslis een van die meer bekostigbare alternatiewe in ons gemeenskap maak.

Met 'n 3,7% verhoging, nadat die 2021 verhoging 0% was, poog ons steeds om ons uitgawes sodanig te bestuur dat ons nie kwaliteit dienste verloor nie en dat ons steeds vir ons leerders telkens nuwe en beter geleenthede tot deelname en groei verseker. Ons is ook baie sensitief vir die impak wat Kovid op die besteebare inkomste van ons gemeenskap gehad het en nog steeds het.

Met nege vereiste resolusies wat by die vergadering voorgehou is is nié een enkele teenstem op enige van die resolusies aangeteken nie. Dit getuig van die deeglike voorbereiding, bestuur, kontrole en deursigtigheid van ons Beheerliggaam en ons is opreg dankbaar vir die kwaliteit mense wat deel is van ons skool se bestuur. Elkeen van ons Beheerliggaam se lede dien, as eerste oorweging, die saak van ons skool en sy kinders. 'n Mens kan nie vir beter vra nie. Baie dankie aan elkeen van julle. Ons waardeer ons Beheerliggaam.

4 Kovid

Aangeheg weer ons Kovid-19-statistiek tot en met vandag. Ons is baie dankbaar dat ons tans geen positiewe gevalle by die skool het nie en ons hoop dat dit so kan bly. Ons afwesigheidsyfer het ook aansienlik gekrimp en is amper weer binne normale grense.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek																				
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do
Maand		Oktober					Oktober					Oktober					Oktober			
Datum		4	5	6	7	8	11	12	13	14	15	18	19	20	21	22	25	26	27	28
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23
	Herstel van Kovid-19	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23	23
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	140	140	140	140	140	141	141	141	142	142	142	142	142	142	142	142	142	142	142
	Herstel van Kovid-19	139	139	139	139	140	140	140	140	140	140	140	141	141	141	141	142	142	142	142
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	1	1	1	1	0	1	1	1	2	2	2	1	1	1	1	0	0	0	0
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	2	4	3	3	1	1	1	1	1	1	0	0	1	0
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	2	2	2	1	2	2	2	2	2	3	1	1	3	3
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	163	163	163	163	163	164	164	164	165	165	165	165	165	165	165	165	165	165	165
	Herstel van Kovid-19	162	162	162	162	163	163	163	163	163	163	163	164	164	164	164	165	165	165	165
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	1	1	1	1	0	1	1	1	2	2	2	1	1	1	1	0	0	0	0
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	2	4	3	3	1	1	1	1	1	1	0	0	1	0
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	2	2	2	1	2	2	2	2	2	3	1	1	3	3

Dit beteken egter dat elke leerder, ouer en onderwyser steeds moet voldoen aan Kovid-voorkomingsmaatreëls soos bv. die dra van 'n masker. Ons moet ons hande bly was en saniteer en deurlopend die voorgeskrewe sosiale afstand handhaaf.

Gewysigde vlak-een-inperkingsmaatreëls het vir die skool bepaalde implikasies. Hierdie gewysigde maatreëls is verlede Vrydag deur die Nasionale Minister van Onderwys gepubliseer.

Ons mag nou 750 mense binneshuis ontvang. Toeskouers word by sport en ander aktiwiteite, met 'n maksimum van 2000 mense (deelnemers en toeskouers), by elke afsonderlike byeenkoms toegelaat. Maskers en sosiale afstand bly aan die orde van die dag. Dit is hartseer dat die toegewing dat ons toeskouers mag akkommodeer, eers gekom het toe ons sport in hoofsaak vir die jaar afgehandel is. Tog is ons positief en opgewonde dat ons dalk volgende jaar sonder inperking weer ons ouers by die skool kan verwelkom. Ons mis julle ondersteuning en meeewing.

Ons is ook bevoorreg dat Flora Kliniek ons genader het om ons leerders wat sou belangstel teen Kovid by die skool te kom inent. Die aksie is heeltemal vrywillig en daar word vereis dat ouers wél toestemming sal verleen. Dit spaar baie moeite en tyd aangesien ons leerders dus nie nodig het om by openbare fasiliteite in lang rye vir die toediening van die *Phizer*-inenting hoef te gaan wag nie. Ons benadruk net weer dat dit vrywillig is aangesien ons bepaald bewus is van verskillende sieninge rondom die ontvangs van die entstof. Ons respekteer dus u, as ouer, se reg op besluitneming deur nie die inenting verpligtend te probeer maak nie.

5 Sport en Kultuur

Ons leerders het die laaste twee weke pragtige prestasies behaal waarop ons baie trots is. Ons tennisdogters eindig tweede by die tennis-interhoër. Ons dogters-atlete bly onder die Top-3 by al die Top-10-byeenkomste waar daar dikwels meer as 60 spanne inskryf. Dit is 'n groot bron van vreugde om die toewyding en "commitment" te sien waarmee ons kinders deelneem. 'n "Randjie doen altyd sy beste" en dit is die houding waarmee ons leerders sonder uitsondering deelneem. Wen of verloor, die karakter wat gewys word, is een waarmee elke mens hom/haar sou wou vereenselwig. Hulle maak ons TROTS.

Op die verhoog het ons Randjie Sterre behoorlik geskitter. Op *Facebook* wys ons telkens kompetisieuitslae en Randburg se leerders presteer ongelooflik goed. Van dans, drama, sang tot redenaars het ons in elke genre iemand wat nasionaal presteer. Ons is opgewonde oor 2022 as ons dink aan hierdie leerders se talente.

6 Studenteforum van 2022

Dié span leerders vertel met oorgawe: "Hier kom 'n ding". Hulle positiwiteit is aansteeklik en maak ons opgewonde oor volgende jaar. Dit is 'n begeesterde en kreatiewe span wat diep spore gaan trap. Weer gelukwense met hulle verkiesing tot die SF en onder leiding van Marlé en Arno, die hoofleiers, antisipeer ons iets uitsonderliks. Dit begin ook sommer môre met "Kode Rooi" ter afsluiting van die akademiese jaar vir ons graad 8- tot 11-leerders.

7 Interne eindeksamen

Ons graad 8- tot graad 11-leerders begin eerskomende Dinsdag met hulle eindjaareksamen. Ons wil elkeen sterkte toewens en hoop altyd dat daar geen druipepinge sal wees nie. Ons wys net weer daarop dat hierdie 'n amptelike eksamen is en dat leerders nie afwesig mag wees nie. Reëlins in die verband is reeds aan u versend. Versoeke om vroeg met vakansie te vertrek kan ongelukkig nie toegestaan word nie. Hierdie eksamen voltrek 'n hele jaar se studie en skoolwerk en is die finale maatstaf waarmee die leerder na die volgende graad bevorder word. Kom ons motiveer

tuis dat ons leerders hul maksimale beste sal lewer en met deursettingsvermoë die uitdaging sal aanpak.

8 RNA

RNA het môreoggend sy finale uitsending vir 2021 en dit begin om 08:00. Ons sal aan ons ouers die skakel deurgee sodat u saam met ons na ons laaste nuusuitsending vir die jaar kan kyk. Die program is min of meer een uur lank.

9 Graad 7-oueraand


Ons het verlede week ons graad 7-ouerinligtingsaand gehou en het 'n goeie opkoms gehad. Beide die saal en LO-saal was vol – met stoele 1 meter uitmekaar - en ons moes selfs die saal se gallery inspan. Gebeure in die saal is na die LO-saal gebeeldsend. Elke ouerpaar het 'n omvattende inligtingspakket ontvang wat hulle vir toetrede tot die hoërskool in 2022 voorberei. Volgens alle aanduidinge verwag ons weer 'n substantiewe inname in Januarie en gaan ons skool weer 'n groei in getalle wys. Vanaf Januarie 2019 tot Januarie 2022 wys ons skool 'n groei van meer as 100 leerders.

Hierdie aanwas in getalle verseker dat ons deurlopend in die geleentheid wat ons bied kan verbeter en dat ons skool van krag-tot-krag kan groei en ontwikkel.

Ons is ook opgewonde oor die nuwe graad 8-leerders van 2022 en glo dat elkeen 'n waardevolle bydrae tot ons skool sal lewer.

Om af te sluit, deel ek graag my dankbaarheid met elkeen van u. In oorwig is ons ouers eensgesind positief oor ons skool. Dankie aan ons ouers. Julle maak ons hande by Hoërskool Randburg sterk. Ons waardeer elkeen van julle.

Ons wens elke leerder baie sterkte toe met die komende eksamen en hou duim vas dat dit goed sal gaan.



F BOOYSEN: Hoof